191.T.5 (84)

OPSOMMING

WAT BETEKEN DIE GELOFTE VIR ONS?

(GELOFTEDAG, PAARDEKRAAL, 16 DES. 1965)

(Deur Prof. H.B. Thom)

I HISTORIES: DIE GELOFTE

Retief by Dingaan:

Saterdag, 3 Feb. 1838 - aankoms.
Sondag, 4 Feb. - ondertekening van akte.
Maandag, 5 Feb. - rustig in kraal.
Dinsdag, 6 Feb. - moord.

Andries Pretorius en Wenkommando:

Gelofte - Sondag, 9 Des. 1838 - besonderhede.
Bloedrivier - 16 Des. 1838 - hoofpunte.

Dit is die historiese gebeure in verband met die Gelofte. Wat beteken dit vir ons as Afrikaners?

II DIE VERPLIGTING WAT DIT MEEBRING

In hulle plegtige gelofte het die Wenkommando beloof dat, as die Here hulle die oorwinning oor hulle vyande gee, hulle drie dinge sou doen:

(a) Hulle sou 'n huis tot sy eer bou.
(b) Hulle sou die oorwinningsdag aanteken en dit elke jaar, met danksegging, soos 'n Sabbat deurbring.
(c) Hulle nageslagte sou ook daarvan kennis neem en hulle sou eweneens die dag tot eer van God vier.

Dis 'n bindende gelofte vir die Voortrekkers. Onder moeilike omstandighede het hulle dit nagekom: Geloftekerk gebou in Pietermaritzburg; dag soos 'n Sabbat deurgebring; aan hulle kinders bekend gemaak.

Is dit ook 'n bindende gelofte vir hulle nageslagte en vir ons almal as Afrikaners? Meningsverskil hieroor: sommige sê dat ouers nie hulle kinders - en nog minder ongebore nageslagte - kan bind nie; ander sê dat dit, afhangende van die aard en omstandighede van die betrokke gebeure, wel kan gebeur.

Daar is vir albei hierdie standpunte heelwat te sê. Maar ons moet onthou: dit gaan nie daarom of ons van buite af 'n verpligting opgelê word en of ons ons daardeur gedwing moet ag om sekere gebruike na te kom nie. Fundamenteel

gaan dit daarom of ons nog 'n godsdienstige volk is, of ons nog liefde en respek vir ons geskiedenis het, en of ons nog vir dieselfde groot ideale leef as dié waarvoor die Voortrekkers geleef het. As die antwoorde op hierdie vrae Ja is, sal ons vanself die Gelofte ook as ons eie Gelofte aanvaar; en sal ons ons vanself ook daardeur gebind voel. Ons sal nie voel dat dit 'n verpligting is wat ons van buite af opgedwing word nie; ons sal dit voel as 'n verpligting waaraan ons behoefte het, iets wat ons uit onsself gretiglik as 'n geestelike voorreg aanvaar.

Só moet ons as Afrikaners die Gelofte sien en verstaan. Slegs dán sal ons dit na waarde skat, en sal dit vir ons werklik deel van ons geestelike bestaan wees.

III VOEDENDE KRAG

In materiële, sigbare dinge is dit maklik om raak te sien wat groot of belangrik of betekenisvol is. In dinge van die gees is dit nie so maklik nie. Jy het te doen met dinge wat onsigbaar is, wat ondefinieerbaar is. Maar jy het juis hier te doen met dinge wat dikwels van die allergrootste betekenis vir ons huidige en toekomstige bestaan is.

Dit is in hierdie kategorie van dinge van die gees dat ons geskiedenis, en die groot gebeure van ons verlede, val. Die Gelofte is een van die beste voorbeelde hiervan. Ons kan die belangrikheid of betekenis daarvan nie op tasbare, konkrete wyse meet nie. Maar ons weet dat ons daardeur geestelik ryker geword het en nog steeds gevoed word. Probeer u vir 'n oomblik voorstel dat ons geen Geloftedag gehad het nie. Ons Afrikaners sou as volk, in ons eie nasionale en kulturele lewe, beslis armer gewees het.

Hieruit volg dat Geloftedag by uitnemendheid een van daardie bronne is waaruit sin en betekenis vir ons afsonderlike volksbestaan voortgevloei het, en ook nog steeds voortvloei. Dit is iets kenmerkends van die Afrikaner; dit help om ons anders te maak as ander volke. Dit is iets wat ons eie volk gesê en gedoen het; dit is vir ons soveel belangriker as enigiets wat 'n ander volk vir ons kon gesê of gedoen het. Dit help dus om ons eie nasionale karakter te versterk, en juis hierin lê die voedende krag wat Geloftedag vir ons het.

IV DIE TYD WAARIN ONS LEEF

In 'n geestelike sin staan die Afrikaner, en inderdaad die hele Suid-Afrika, vandag weer eens by Bloedrivier. Ons staan selfs weer in die laer van Bloedrivier. Ons het wel ook baie vriende, maar baie min van hulle het die moed om ruiterlik na vore te kom en openlik aan ons sy te kom staan.

Die wit nasies van die Weste het hulle grotendeels terug getrek uit Afrika. Europese lande soos Engeland en Frankryk en België het vrywilliglik of onder dwang hulle besittinge in Afrika prysgegee, en onafhanklike swart state het een na die ander verskyn: vrywel almal onmondig, onryp en onverantwoordelik. Die wreedhede van Donker Afrika is op baie plekke herhaal. Onder Kommunistiese invloed het die leer van één man één stem vir hulle 'n godsdiens geword. Die grootmoondhede staan en kyk toe, en in plaas van kragdadiglik vir die beskawing en die Christendom in die bres te tree, volstaan hulle met leë woorde en skoonklinkende slagkrete.

Suid-Afrika verkeer in oorlog - tans nog 'n koue-oorlog, 'n senuwee-oorlog, maar, wie weet, miskien 'n oorlog met wapengeweld veel gouer as ons dink. En dan sal ons, nog meer as nou, die nodige geeskrag moet hê, die onmisbare geeskrag wat vir ons ware, doelbewuste daadkrag sal gee.

Juis in hierdie tyd moet die Afrikaner dus sterk wees. Dit is sy eie verlede, sy eie geestesbesittinge, dit is dinge soos die Gelofte, wat help om hom geeskrag te gee. Hy moet weet dat hy, netsoos die Voortrekkers in 1838, vir die Christendom en die beskawing staan. Hy moet weet hy is vandag nog steeds as 'n ligbaken in 'n Donker Afrika, 'n Afrika wat in 1965 in sommige opsigte selfs donkerder is as die Afrika van 1838.

V SLOT

Gebore uit ons eie bodem en ons eie mense, is die Gelofte en Geloftedag vir ons 'n bron van krag. Laat ons dit aanvaar en begryp. Laat ons ook onverbiddelsinnig en vasbeslote stelling inneem teenoor die naderende massa's.

Laat ons - soos dr. Dönges nog onlangs gesê het - ténemale weier om bevrees te wees. As ons dit doen, soos die manne van die Gelofte dit gedoen het, kan ons oorwinning selfs nog groter en heerliker wees as dié wat hulle in 1838 behaal het.

--000--

DIE DINGAANSDAG - GELOFTE

Daar bestaan drie afsonderlike outentieke oorkondes, insake die instelling van Dingaansdag, volgens welke die nageslag die insetting moet verstaan en handhaaf; - dié namelik van Bantjes, dié van Pretorius self, die man van wie die gedagte oorspronkelik uitgegaan het, en dié van Charl Cilliers, wat 't in woorde gebring het. Al drie verklarings word hier, terwille van die noukeurigheid en die belangrykheid van die feesdag, weergegee in die taal waarin ons dit ontvang het van die manne.

Bantjes vertel daarvan:

„Des Zondags morgens voordat de godsdienst begon liet de Hoofdkommandant degenen die de godsdienst zouden verrichten, by malkander komen, en verzocht hen met de gemeente te spreken dat zij allen volijverig in geest en in waarheid, tot God mochten bidden om Zijn hulp en bijstand in 't slaan tegen de vijand; dat hij aan de Almachtige 'n gelofte doen wilde, (indien allen wel wilden) - om, zo de Heere ons de overwinning geven mag, 'n Huis tot Zijn grote naams gedachtenis te stichten, alwaar het hem zal behagen; en dat zij ook moesten afsmeken de hulp en bijstand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen; en dat wij de dag der overwinning in 'n boek zullen aantékenen, om dezelve bekend te maken aan onze laaste nageslachten, opdat 't ter ére van God gevierd mag worden."

Pretorius rapporteer die 23e Desember uit Umkungunlowo, aan die Volksraad:[11)]

....."Verder wens ik Ued. ook ter kennisse te brengen, dat wij alhier onder elkanderen besloten hebben om de dag onzer overwinning, zijnde Zondag, de 16e dezer maand December, onder ons ganse geslacht te doen bekend worden en dat wij het aan de Heer willen toewijden en vieren met dankzeggingen, zoals wij vóordat wij tegen de vijand streden, in 't openbaar gebed beloofd hebben; zo ook dat, zo wij de overwinning verkrijgen mogen, wij den

---

11) Brief in Zuid Afrikaan , 16 FEBR. 1839

Heere tot Zijns naams gedachtenis 'n huis stichten zullen, alwaar Hij ons zulks aanwijzen zal; welke geloften wij nu ook hopen te betalen met de hulp des Heeren; nu Hij ons gezegend en onze gebeden verhoord heeft."

Charl Cilliers vertel 'n dertig jaar later daarvan:

„De hr. Pretorius sprak met my, ook ik met hem over de belofte die de Bijbelheiligen gedaan hadden, dat ook wij de Heer 'n belofte moeten doen als de Heer ons de overwinning over onze vijand zou geven, dat wij dan die dag als 'n Sabbat elk jaar zouden heiligen .... toen kwamen wij tot het besluit dat wij de Heere onze God 'n belofte plechtig zouden doen als de Heer met ons zal gaan, en dat Hij onze vijand in onze handen zouden geven, dat wij de dag in elk jaar zouden heiligen, en so doorbrengen als 'n Sabbat."

Opgemerk moet hier word dat, terwyl sowel Pretorius as Bantjes veel nadruk lê op die bou van 'n Kerk en die boekstawing van die feit, Cilliers alle nadruk laat val op die herdenking as Sabbat, terwyl daar origens g'n verskil bestaan in hul relase, oor die godsdienstige karakter van die feesdag.

Uit Preller, Die Lewe van Genl.
Andries Pretorius,
pp. 36-37.